# Hoofstuk van die dag: Kolossense 4

> *Julle woorde moet altyd van goeie smaak getuig, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe om ’n ieder en ’n elk te antwoord. (vers 6, 2020 vertaling)*

Paulus druk hier op ’n baie seer plek in ons moderne

samelewing. Om ’n wag voor jou mond te sit, is nie meer die inding nie, en nou praat ek ongelukkig nie net van ongelowiges nie.

Sosiale media help die vervlakking aan, want daar kan jy die ander een na hartelus slegsê. Of selfs kragwoorde gebruik om jouself mee uit te druk. Dit lyk my mense se byvoeglike naamwoorde en bywoorde is deesdae uiters beperk; seker dié dat die f-woord so baie gebruik word.

’n Ander euwel wat sekerlik ook hier genoem moet word, is skinder – daardie sappige storie ten koste van iemand anders, met ’n stertjie hier en daar. Dis mos onskuldig, dan nie? Paulus dink nie so nie. Hy lys skinder saam met ’n klomp ander afskuwelike sondes (Rom 1:28-31). Dit word ook in Levitikus verbied (Lev 19:16).

Nee wat, ons wat die Here liefhet, praat nie so nie. Ons dink voor ons praat (of skryf). Wat ons sê, getuig van goeie smaak en is met sout besprinkel. Dit gee smaak aan enige gesprek.

*Naskrif*: Môre lees ons verder aan die boek Psalms. Ons begin by Psalm 101


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke

© Bybelkoerant 2018 – 2026